Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
23 Maart 1980

Onderwerp: Godverlate

Lees: Matthéüs 27 verse 45 tot 56

Teks: Matthéüs 27 vers 46

Sing: Psalm 100
Gesang 183
Gesang 191 verse 1, 2 en 6

"'My God, my God, waarom het U My verlaat?'

"Hierdie skrikwekkende uitroep was een van die temas van die geskiedenis van Jesus Christus se lyding, wat Hom toenemend al meer en meer verlate gelaat het.

"Dawid het reeds in die Ou Testament in Psalm 22 Jesus Christus se komende eensaamheid voorspel.

"Reeds met Jesus Christus se geboorte is die stempel van eensaamheid op Hom geplaas toe Hy in 'n krip in 'n stal neergelê moes word, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

"Hy is weggelei na die woestyn waar Hy vir veertig eensame dae alleen moes stry met honger, ontbering en versoekings van die duiwel.

"Jesus Christus, wat gestroop was van sy hemelse heerlikheid en vasgevang was in die ballingskap van die mens se sonde, was vir drie en dertig jaar op aarde die onbegrypte vreemde Enkeling. Toe Hy begin preek het, het groot skares gekom. Daarna het hulle weggegaan en Hom verwerp, omdat hulle Hom en sy sending nie begryp het nie.

"Sy laaste jaar op aarde was Hy die eensame swerwer, saam met 'n klein groepie vertrouelinge. Hy self het gesê: 'Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.' (Luk 9:58) Hy het aldeur eensamer geword.

"Daardie nag in Getsemané moes Hy die beker alleen drink. Sy smeking om menslike bystand is beantwoord deur slapende dissipels.

"Toe hulle Hom gevang het, het sy dissipels gevlug soos blare wat van 'n boom afwaai.

“Broers en Susters, waar is daar ’n eensamer figuur as toe Jesus voor sy regter gestaan het, gekleed in ’n soldatemantel en met ’n riet as septer. Toe ook die regspraak Hom verlaat het. En sy hartseer toe Petrus Hom verloën het en die haan gekraai het.

“Om sy alleenheid verder te beklemtoon, het ’n vreemdeling sy kruis gedra.

“So het sy verlatenheid toegeneem tot dit ’n klimaks bereik het, daar waar Hy op Golgota tussen hemel en aarde aan die kruis gehang het en in aangrypende eensaamheid uitgeroep het: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’

“Broers en Susters, daar is al baie geskryf oor hierdie woorde. So kan ons sê dat die verlede tyd hier verwys na drie ure van duisternis, waarin God, Jesus Christus verlaat het. Dit was ’n totale afwesigheid en isolasie van God. Jesus Christus het in hierdie drie ure weggeval in ’n toestand van ewige verlatenheid van God.

“Jesus Christus se antwoord op hierdie verlatenheid was ’n angskreet. Dit was nie ’n vraag nie. Daar was geen verwyt nie. Daar was ’n ontsettende dringendheid in hierdie kreet van hewige menslike ontsteltenis. Jesus Christus het só naby aan ons gekom, dat Hy soos ’n klein kindjie in sy groot benoudheid en angs na sy Vader geroep het: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’

“Ons kan in hierdie teks baie afleidings maak. Ons kan geleerd daaroor praat, selfs diepsinnig en dramaties. Maar tog is daar niemand in hierdie gebou vanmôre wat hierdie teks verstaan nie. Geen Skrifverklaarder het al daarin geslaag om dit presies uit te lê nie. En ons moet bid dat niemand van ons ooit hierdie teks sal verstaan nie, want ons sal dit net kan verstaan as ons self in die Hel is. Ons moet liewers stil en nederig daarna luister, want hierdie woorde is ’n aanklag oor ons en ons wêreld.

“Waarom het God, Jesus Christus so verlaat op Golgota?

“Dit was vir ons sondes, wat ook ons erfsonde afkomstig van Adam, ingesluit het. Adam het die band en gemeenskap met God verbreek. Hy het uit die ligkring van God gestap en hom van God onttrek en geïsoleer. Hy het vrywillig die eensaamheid gekies. Dít was die sonde van die kind in die Paradys.

“Dít was hoekom Jesus Christus die straf vir dié verbreking van hierdie band deur sy eensaamheid

moes dra. God het Jesus Christus in Adam se plek verlaat, sodat God ons nooit sal verlaat nie.

"Jesus Christus se verlating was dus vir die afbetaling van sonde. Sy verlating was 'n oorwinning oor die helle verlatenheid van sy volk. Volgens God se belofte is hulle gemeenskap met God herstel, deur die gawe van die lyding, eensaamheid en sterwe van Jesus Christus. Jesus Christus is verlaat sodat ons nooit verlaat sal word nie.

"Is dit waar, dat ons nooit deur God verlaat sal word nie? Is dit vanselfsprekend?

"Die twyfelaar praat van 'n swygende God. Die verbitterdes kla van onherbergsaamheid. Die teleurgesteldes sê: Here, U het nie U Woord met ons gehou nie. Die wanhopiges is verslae. Ja, oral ontmoet ons 'n droewige alleenheid van mense wat voel dat God hulle verlaat het.

"Ja, Broers en Susters, laat ons eerlik wees. Ook hier tussen ons hoor ons hierdie stille klag. Ja, vereensaming ten opsigte van God is 'n wesenlike probleem, ook onder gelowiges.

"Denkers tipeer ons tyd as die tyd van vereensaming. So is daar vele wat as gevolg van aanvegtinge van 'n innerlike kruis, voel dat hulle God verloor het. Hulle voel dat die woorde van die Nagmaalsformulier, dat Jesus verlate was sodat ons nimmermeer van God verlate sou word nie, nie meer op hulle van toepassing is nie.

"Hoe moet ons hierdie gevoel van verlatenheid, waarmee so baie mense worstel, verklaar?

"Dit kan psigiatriese en sielkundige oorsake hê, wat behandel moet word.

"Dit kan wees weens geestelike veeleisendheid. Daar is mense wat altyd 'n belewing wil hê. Hulle wil voortdurend die Heilige Gees se betuiginge in hulle ervaar. Dit is soos 'n bedorwe kind, wat voortdurend liefdesaandag soek. God se beloftes in sy Woord is nie vir hulle genoeg nie. Daar moet 'n persoonlike boodskap vir hulle wees, anders vind hulle nie troos nie.

"Die Godverlatenheid kan ook sy oorsaak vind in 'n emosionele skoktoestand. Skok isoleer en vereensaam altyd. Sulke mense moet getroos word.

"Dit is ook moontlik dat die sorge van hierdie lewe ons kan beset, sodat daar vir God geen plek meer is nie.

"Broers en Susters, die gevoel van Godverlatenheid word egter in gewone gevalle veroorsaak deur sonde.

Ons volhard in onbelyde sondes, omdat die eie ‘ek’ ons verhinder om dit voor God te erken en te bely.

“Broers en Susters, dit is ons wat ons onttrek aan God se gemeenskap. Dit is ons wat vrywilliglik die vreugdevolle omgang met Hom afsny. Dit is ons wat Godsdienstig weifelend, slordig en teësinnig lewe. Ons is traag, ons talm en ons gebede is vlak. Die Woord van God word verdring deur die oppervlakkigheid van ons lewens. Kerkbesoek word ’n bysaak en blote vormgodsdiens. Daarom, Broers en Susters, sal gelowiges wat Godsdienstig oppervlakkig lewe, die gevoel van Godverlatenheid ervaar. Wanneer dit waar is, raak ons vervreemd van God. Ons wring ons los uit God se omhelsing. Dan begin die gevoel van Godverlatenheid. Ons is besig om ons van Hom te distansieer, terwyl God so graag binne wil kom en vra om wederliefde en oorgawe.

“Daar is net één manier om uit hierdie ellendige toestand verlos te word. Dit lê in ’n terugkeer tot ’n lewende omgang met jou God.

“Hou in gedagte dat hierdie ervaring van verlatenheid maar net ’n gevoel is. Dit is nie werklik so nie, want God verlaat ons nie. Sy terugtrek is deel van God se opvoeding in ons lewe. Dit is deel van God se proses om ons nader te trek.

“Maar Broers en Susters, daar is mense wat Jesus Christus nie as hulle Verlosser aangeneem het nie en vir wie dit nie geld nie. Dit is mense wat wegloop van God. Mense wat daarin volhard en verhard, wat verwerp en verloën. In hulle sondelewe sal daar ’n oomblik kom wanneer die gordyn sal val en hulle sal uitroep: My God, my God, waarom het U my verlaat? Maar dan sal dit vir ewig te laat wees.

“Die belangrike vraag wat hieruit voorspruit, is: Het jy Jesus Christus as jou Verlosser aangeneem? Die verlossing wat Hy deur sy verlatenheid vir ons verwerf het?

“Broers en Susters, solank as ons aan Jesus vashou, ook in tye van ons geloofsworsteling, sal God ons nooit verlaat nie. Dit is ’n verseëlde belofte van God.

“As ons dus van God verlate voel en dit is nie weens psigiatriese of sielkundige redes nie; en nie as gevolg van skok nie, dan is dit weens ons sondelewe. Dan moet ons Jesus Christus deur Woord en Sakrament en gebed weer gaan soek, want Jesus Christus se belofte is waar: Hy is verlaat sodat ons nooit verlate sal wees nie.

“En dan eindig hierdie preek waar dit begin het, by die eensame Jesus Christus. Hy was eensaam en van God verlate om jou te verseker dat die geloof in Hom die eensaamheid verban. Jesus Christus se verlating het ons aanneming verwerf.

“Die ware geloof kan altyd steun op Jesus Christus se teenwoordigheid. Deur die geloof vind ons in Hom die troue Metgesel in ons eensame sondelewe. In lyding en versoeking het ons in Hom ’n Hoëpriester en ons Voorbidder. En in die dood is Hy by ons. En as ons eendag klein in die oordeel voor die groot wit troon van God sal staan, sal Jesus se hande om ons hande gevou wees. Sy liefdevolle teenwoordigheid kom uit die kreet: “My God, my God, waarom het U My verlaat?’

“En daarop antwoord ons met die belydenis: My God, my God, U sal my nooit verlaat nie.

“Amen.”